

# 20

## GIDEON

# Van bang boer tot dapper held

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God gebruik mense om vir Hom te werk.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die kinders moet weet –

- God is almagtig en niks wat Hy wil, is vir Hom onmoontlik nie.
- God gebruik mense om ander mense te help.
- God is geduldig met ons wanneer ons twyfel en vrae vra.

#### Gesindheid

Die kinders moet –

- bly wees dat God ons ook wil gebruik.

#### Vaardigheid

Die kinders moet –

- die hooftrekke van die Gideon-verhaal kan weergee.
- glo dat God selfs bang mense kan verander in dapper helde in geloof.
- voorbeelde kan gee van waar God uitkoms in ons lewens gee.

### MEER INLIGTING (Rigters 6 – 8: 3)

Nadat Josua al Israel se vyande verslaan het in die beloofde land wat hulle ingeneem het, het hy die stamme van Israel elkeen laat woon in 'n sekere gebied. Josua het gesterf. In plaas daarvan dat 'n leier in sy plek aangewys is, het God by verskillende geleenthede mans en vroue gestuur. Hulle het bekendgestaan as *rigters*. Die rigters het dele van die volk gelei teen die vyande van Israel. Die volk van die Here was kort-kort ongehoorsaam. Hulle het verkeerd gedoen in die oë van die Here. Dan het God hulle gestraf deur 'n vyand te stuur. Elke keer was God genadig en het Hy vir hulle 'n leier gestuur om hulle weer op die regte pad te bring.

Die tyd van die rigters staan bekend as een van die slegste tye in die geskiedenis van Israel. Die laaste vers van hierdie boek sê dit alles: *In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë* (Rigters 21: 25). Die boek Rigters vertel van sewe kere dat Israel gesondig het en afgedwaal het. Dit strek oor 300 jaar. Elke keer was die volk ongehoorsaam aan God. Dit het gelei tot onderdrukking deur ander volke en tot moedeloosheid. Dan het God 'n rigter gestuur om sy volk terug te roep op die regte pad. Dit het gelei tot inkeer, berou en oplewing onder die volk. Net as alles weer mooi reg was, het hulle weer afgedwaal. Dieselfde ou paadjie is oor en oor gestap.

Dit is in een van hierdie tye dat die Here ook vir Gideon roep as rigter. Gideon moes 'n deel van Israel lei teen die Midianiete. Die Midianiete was 'n volk wat rondgetrek het agter weiding aan vir hulle vee. Hulle het net gewag totdat Israel se oeste op die land gereed gestaan het, dan het hulle alles vir hulleself kom vat: die oeste en die diere. Dit het al vir sewe jaar so aangehou. Israel roep na God om hulp en uitkoms. Dit is toe dat God vir Gideon kies om sy volk te gaan lei.

As jy dink aan 'n held, dan dink jy dadelik aan iemand sterk, groot, slim, mooi en ryk. Maar die held van God van wie ons hier leer, lyk glad nie so nie. Hy is 'n verbitterde mens en 'n swak boer. Hy word deur God verander in 'n dapper kryger en leier. Ons kry drie idees oor Gideon in hierdie verhaal:

### **Gideon die bangbroek (Rigters 6: 1-25)**

In Rigters 6: 11 word Gideon geteken as 'n bangbroek. Hy kruip weg vir die vyand. Hy is bang hy word deur hulle gesien.

Eendag was hy besig om koring uit te slaan. Gewoonlik is dit in die oopte gedoen sodat die wind die kaf kon wegwaai. Gideon doen dit in 'n parskuip, sodat hy nie raakgesien word nie. Hy is vol twyfel en vrees. Sy gevoel word goed opgesom as hy vir die Engel vra: *Ekskuus, Meneer, maar as die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons? Waar is al sy magtige dade waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: 'Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie?' Nou het die Here ons in die steek gelaat: Hy het ons oorgegee in die mag van die Midianiete.*

Ons is ook baie keer bang as God ons in sy diens wil gebruik. Soos Gideon, dink ons ook baie verskonings uit hoekom ons verbitter is, hoekom ons bang is, hoekom ons kies om weg te kruip.

### **Gideon die uitdager (Rigters 6: 25-32)**

Dit is een ding om in die geheim iets te doen. Dit is iets heeltemal anders om in die openbaar vir God op te staan. Gideon doen laasgenoemde. Hy begin om die afgode rondom sy pa se huis af te breek. So het hy al die afgodsdienaars uitgedaag. Almal het verwag dat sy pa hom moet doodmaak. Die teendeel gebeur. Sy pa besluit dat as Baäl 'n god wil wees, moet hy hom maar self beskerm. Nodeloos om te sê, dit gebeur nie. Gideon het eerder God se saak bevorder en Baäl aan die pen laat ry.

## **Gideon die oorwinnaar (Rigters 6: 33 – 8: 3)**

Na sy eerste klein oorwinning roep Gideon die hele Israel op om met hulle wapens te kom. Twee en dertig duisend (32 000) manne ruk op. Soos hulle aankom, word Gideon banger en banger. Dit is een ding vir 'n boer om te sê hy gaan 'n weermag lei, maar dit is 'n ander ding om dit regtig te doen. Dan twyfel Gideon weer of dit die regte ding is om te doen. Hy vra vir God tekens om dit vir hom te bevestig. Die skaapvliesie waarvan ons lees, wat nat word en droog bly by verskillende geleenthede, bevestig vir Gideon sy opdrag kom van die Here (6: 36-40). Gideon wil sekermaak voor hy die manne die oorlog inlei. Gideon het voor die tekens geweet wat God se wil is. Hy wou net sekermaak. Met God se versekering dat Israel sal oorwin, lei Gideon Israel tot oorwinning.

Die metode waarmee God dit doen, laat ons weer dink aan die unieke manier waarmee God Jerigo laat inneem het. Nie met 32 000 man nie, maar met net 300 van hulle. Ons lees hoe Gideon die manskappe uitsif. Dit is toe die manskappe water drink by die rivier dat Gideon die manne kies wat versigtig op hulle hurke gedrink het. Hy stuur die ander duisende almal huis toe.

Met hierdie 300 man verslaan Gideon duisende. Dit het die Midianiete so op hol dat hulle op vlug slaan uit vrees vir die almag waarmee God sy Gideonbende lei. Gideon en hierdie manne sien wat geloof in die Here kan doen: Die Here stry die stryd vir jou. Al wat jy moet doen, is om jou verantwoordelikheid na te kom en te glo en te vertrou dat die Here getrou is. Dit is 'n ander Gideon wat nou die vyand agtervolg om hulle te verjaag. Hy kruip nie meer weg nie. Hy is nie meer bang nie. Hy het nou selfvertroue en is dapper. Saam met God smaak Gideon die oorwinning. God was getrou en het vir Gideon alles gegee wat Hy van die begin af aan hom beloof het.

### **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

### **KOM ONS BEGIN**

Laat een van die kinders wat wil, open met 'n gebed.

### **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle die teksvers gaan memoriseer het.
  - o *Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."* (Lukas 22: 19)
- Kontroleer of hulle die volgende vraag kon beantwoord.

- o Wat bedoel Jesus as Hy die volgende sê? *Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word* (Lukas 22: 20). *In die bloed van Jesus sluit God met ons 'n nuwe verbond. Hy belowe dat wie in Jesus glo, se sonde vergewe is.*

- Kontroleer of hulle die vrae en antwoorde geleer het.

Wie het die Nagmaal ingestel?	Jesus Christus self.
Watter offer het Jesus vir ons sondes gebring?	Hy het aan 'n kruishout gesterf sodat ons gered kan word.
Waarom herinner die brood en wyn ons wanneer ons by die Nagmaaltafel aansit?	Die brood herinner ons aan Jesus se liggaam wat aan die kruis gesterf het. Die wyn herinner ons aan Jesus se bloed wat vir ons gevloei het.
Hoekom sê ons Nagmaal is 'n verbondsmaaltyd?	Die Nagmaal herinner ons daaraan dat God ons deur Jesus Christus gered het.
Hoekom moet jy eers belydenis van geloof doen voordat jy Nagmaal kan gebruik?	'n Mens moet eers verstaan wat Jesus se kruisdood beteken en met jou hele hart glo dat Jesus ook vir jou sonde gesterf het.
Hoekom moet 'n mens gereeld Nagmaal gebruik?	Sodat my geloof in Jesus Christus versterk kan word.
Hoe word hierdie geloof in Jesus versterk?	Deur die werking van die Heilige Gees word ons verseker dat Jesus ons gered het.

- Laat hulle die Nagmaalbeker wat hulle geteken het vir mekaar wys.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Laat een of twee van die kinders vertel wat hulle nog kan onthou oor hoe Jerigo verower is. Lei hulle daartoe om te verstaan dat God die Israeliete die oorwinning laat behaal het. Met Gideon het God dieselfde gedoen.

### **IETS INTERESSANT**

Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING en vertel hoe die Here vir Gideon gebruik het.

### **IETS BELANGRIK**

Beklemtoon die volgende en skerp dit by die kinders in:

- In die geskiedenis van Gideon sien ons dat God enigemand kan gebruik om groot dinge te doen.
- God gebruik soms swak mense om uitkoms aan ander te bring.
- Ons leer ook dat God die stryd namens ons stry.
- God bly altyd getrou, al twyfel ons soms.

## IETS OM TE DOEN

Soeklees en help die kinders om die vrae hieronder te beantwoord. Lees Rigters 6.

- Watter probleem het die Israeliete ondervind met die Midianiete (Rigters 6: 1-6)? *Die Midianiete het gewag vir Israel se oeste en alles vir hulle gevat, hulle oeste en hulle diere.*
- Vir wie het God geroep om sy volk van die Midianiete te kom bevry? *Gideon.*
- Watter wonderteken het God vir Gideon gedoen om te wys dat dit werklik 'n Engel van die Here was wat met hom praat (vers 20)? *Gideon het 'n bokkie gaargemaak en 'n brood gebak sonder suurdeeg en sous in 'n pan gegooi. Hy het dit vir die Engel onder die boom geneem. Gideon moes die vleis en die brood op die rots sit en die sous daarvoor gooi. Die Engel het met die punt van die stok in sy hand aan die vleis en die brood geraak. 'n Vuur het uit die rots uit opgevlam en die vleis en die brood verteer.*
- Wat bevestig die stukkie vlieswol wat nat word en droog bly by verskillende geleenthede aan Gideon (verse 36-40)? *Dat God deur Gideon vir Israel wil red.*

## BY DIE HUIS

Laat hulle –

- die woordbank by Les 21 by HET HULLE ONTHOU gebruik en die antwoorde gee.
- die vrae en antwoorde oor hierdie les by HET HULLE ONTHOU in Les 21 gaan leer.
- in hulle boeke neerskryf waar God al in moeilike tye in hulle lewens uitkoms gegee het. Hulle moet hulle ouers vra om hulle te help.

## AFSLUITING

Laat een van die kinders afsluit met 'n gebed.